

## MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING

### NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP WOENSDAG, 01 OKTOBER 2014 OM 13:00 IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL

NOMMER 08/2014

#### 1. OPENING EN VERWELKOMING

Johan Lotter open die vergadering met gebed. Die voorsitter verwelkom almal teenwoordig asook ons gaste, Raadslid Gibo Gerber en Raadsheer Kalie Smit. Johan Lotter word ook verwelkom na 'n drie maande verlof tydperk.

#### 2. PRESENSIE

##### 2.1 Teenwoordig

Anton Dellelijn	<b>Voorsitter</b>	Tergniet
Annatjie Janse van Rensburg	<b>Sekretaresse</b>	Eureka Park
Kruger de Wet		Reebokhoogte
Mike Wray	<b>Onder-voorsitter</b>	Tergniethoogte
Charl Coetzer		Fraaiuitsig
Ray Saul		Reebokhoogte
Len Rauch		Tergniet
Pieter le Roux		Kleinbrakrivier
Frik Nel		Reebokrif / Bewarea
Johan Lotter		Reebok (bo spoor)
Des Muller		Riverside
Charl De Wet		Kleinbrakrivier

##### 2.2 Op uitnodiging

Raadsheer Kalie Smit	Raadslid – Wyk 4
Raadslid Gibo Gerber	Raadslid – Wyk 5

##### 2.3 Afwesig met verskoning

Johann Muller	Reebok (onder spoor)
Lavinia Lunow	Fraaiuitsig
Chris Pretorius	De Lange Uitbr
Lydia Havenga	Bewarea
Jennifer Williams	Toekoms
Jan Roets	Tergniethoogte
Terrie Terblanche	Riverside
Rozain Hansen	
Frans de Graaff	Munisipaliteit
	Munisipaliteit

#### 3. LIEF EN LEED

**Leed:** Geen.

**Verjaarsdae:** Gelukwensing aan Ray Saul (02/10) en Mike Wray ( 15/10) met hulle verjaarsdae.

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
4.	<p><b>GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING</b></p> <p>Die notule no. 07/2014 word goedgekeur deur Kruger De Wet en Des Muller.</p>	Lede
5.	<p><b>AANVULLENDE AGENDA</b></p>	
5.1	<p><b><u>Voorgestelde aftreeoord op gedeeltes 31, 41 en 53 van die plaas 136, gedeelte 52 van plaas 137, gedeeltes 121 en 122 van die plaas 129 en plaas 309 en Erf 2842, Groot-Brakrivier (Aktiwiteitslys Punt 7).</u></b> Kalie stel voor dat saak uitgestel word tot November 2015. Na so 'n lang tydsloop het nog 'n aansoek ingekom, moonklikheid van grondeis asook behoorlike Grond en Omgewingstudie. Haal af en plaas op Aktiwiteitslys Nov'15.</p>	Kalie / Lede
5.2	<p><b><u>Die MBBV AJV – Reelings 22 Des'14.</u></b> Staan oor tot 3 Des'14. Uitnodigings en advertensie moet gedurende November begin uitgestuur word.</p>	Annatjie / Anton
5.3	<p><b><u>Houtrappe Kusweg 5de en 6de laan.</u></b> Charl maak melding van Houtrappe se hout by trappe is gedaan en trappe is los. Anton stel voor dat ons 'n epos aan Andre rig.</p>	Annatjie / Anton
5.4	<p><b><u>SMS 37285 Diensnommer.</u></b> Kruger vra dat as ons sake identifiseer om aan nommer 37285 te rapporteer. Alleenlik as lede dit nie kan uitsorteer nie, dat die saak op die Belastingbetalersvereniging vergadering hanteer word. Anton stem saam met bogenoemde.</p>	Lede / Kruger
5.5	<p><b><u>Powertown:</u></b> Kallie noem dat politiek hier 'n rol speel. Die inwoners voel dat daar nooit met hulle onderhandel is nie. Ons moet hulle benader met sindelike gesindheid en oorreed om nuwe bestuur te kry. Gibo meld dat 86 inwoners bereid was om te trek. Die nuwe invloede van buite bring politiek in. Kruger noem dat die kerk besig is met kleuterskooltjie. Kallie meld dat ons hande moet vat om vir hulle vir beter omstandighede.</p>	Lede / Kalie
6.	<p><b>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE</b></p>	
6.1	<p><b>Grondwet hersiening (Sien Aktiwiteitslys punt 5).</b></p> <p>Anton en Kruger sal die Grondwet deurgaen.</p>	Anton / Kruger
6.2	<p><b>R102 - Skoonmaak van sypaadjies (Sien Aktiwiteitslys punt 11).</b></p> <p>Anton meld dat geld nie beskikbaar is nie, asook die beskikbare manekrag is probleem. Anton stel voor dat ons Minister Donald Grant skakel. Len meld dat ons moet verstaan dit is 'n Provinsiale pad. Gibo beklemtoon dat dit op hoër vlak hanteer moet word. Ons moet geduldig wees agv van fondse wat daar nie is nie. Die 'Wet van verdeling van Inkomste' word uitgedeel vir Wes-Kaap en het nie nou vir paai fondse nie. Ons kan motivering stuur. Des en Anton sal skrywe rig.</p>	Anton / Gibo  Anton / Des

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
6.3	<p><b>Ongemagtigde strukture (Wendy huis en skadunet) in Impalaweg (Sien Aktiwiteits lys punt 12)</b></p> <p>Saak staan oor.</p>	Frans
6.4	<p><b>Karwas by Erf 468, Sea Shell Straat – Munisipale Brief</b></p> <p>Len meld dat karwas wel chemikaliëe afgee en gaan dus in stormwaterpyp af. Anton noem dat die Spar ook beswaar aangeteken het. Insette is deurgegee op 15 September.</p>	Kruger Lede
6.5	<p><b>Afriforum uitnodiging.</b></p> <p>Lede het kennis geneem, haal af.</p>	Lavinia Lede
6.6	<p><b>Sonskynvallei: Olie storting</b></p> <p>Charl meld dat hy vir Mnr Puren epos gestuur het en nog nie antwoord ontvang nie. Kallie gee deur dat hulle 'n sisteem inplek het.</p>	Charl Coetzer Charl / Kalie
6.7	<p><b>Mnr Naidoo – Water Gehalte en Koper pype terugvoer.</b></p> <p>Die skrywe wat deur die voorsitter per epos aan komitee gestuur is, is 'n pamflet vorm. Anton noem dat 'n datum en kontakpersoon daarop aanbeveel word. Annatjie sal skrywe rig vir die nodige inligting op dokument.</p>	Kalie / Anton Annatjie / Anton
6.8	<p><b>Boomplantdag 5 September 2014.</b></p> <p>Anton meld dat dit 'n reuse sukses was. Johann en Charl word bedank vir hul beplanning. Mike vra hoekom daar niks van die Midbrak Belastingbetalersvereniging se teenwoordigheid in die koerante geplaas is nie. Anton noem dat ons wel 'n boom vir organisasie het. Plasing in media was nie soos verwag is nie.</p>	Johann Johann / Lede
6.9	<p><b>Kusweg – rigting Kleinbrak: Kompaktering van informele voetpad vanuit Reebok na Kleinbrak</b></p> <p>Anton vra dat die punt oorstaan tot Desember 2014.</p>	Anton / Kruger Anton
7.	<p><b>BYWONING MUNISIPALE KOMITEEVERGADERINGS</b></p> <p>Johan Lotter en Des Muller sal volgende vergadering op 15 Oktober 2014 bywoon.</p>	Johan / Des
8.	<p><b>WYKSKOMITEES – Wyke 4 en 5</b></p> <p>Wyk 4 vergader 2 Oktober 2014 Wyk 5 vergader 6 oktober 2014</p>	Charl Johann
9.	<p><b>PROJEKTE</b></p>	
9.1	<p><b>Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/-</b></p>	Frik

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
	<b>monitering</b>	
9.1.1	<b><u>Kennisgewings "Potholes" op R102.</u></b> Haal af.	
9.1.2	<b><u>Verkeers probleme hv Impala &amp; De Jager Straat.</u></b> Haal af.	
9.1.3	<b><u>Verskuiwing en verandering van limietbeperking inligtingstekens.</u></b> Epos aan Altus gestuur.	Anton / Altus
9.2	<b>Hersiening van straatname in die gebied en kartering van nuwe uitbreidings.</b>  Len meld dat hy, Johan, Kallie en Dorothy gee aandag aan die punt gee. Anton voel elke area het sy eiebehoefes. Ten minste kry ons 'n plan, plek en daarvandaan kan ons aangaan.	<b>Len / Charl / Kallie</b>
9.3	<b>Skoonmaak van erwe.</b>	<b>Johann</b>
9.3.1	Kusweg 390 is skoongemaak en kan afgehaal word.	Len
9.3.2	Kruger maak melding van oop erf tussen Reeboksaal en die Superette wat die sny van bome ens rapporteer het. Sy datum van skrywe is 15 September 2014 en verwysingsnommer 258040. Annatjie sal opvolg skrywe rig aan munisipaliteit ivm saak.	Kruger
9.4	<b>Rampbestuur</b>  Des en Pieter sal Rampbestuur hanteer. Anton noem as ons kyk na vorige vloede moet ons pro-aktief wees en glo munisipaliteit moet die gevaar uit die wegruim.	<b>Des / Terrie</b>  Des / Pieter
10.	<b>FINANSIES</b>  Onveranderd. (Dag voor volgende vergadering moet die kwitansie bookies ingedien word)	<b>Anton</b>  Lede
11.	<b>POLISIËRING / BUURTWAG</b>  Len noem dat hy, Johann en Daan, as voorsitters 'n skrywe saamgestel het en aan die minister gestuur gaan word. Anton noem dat belastingbetalers moet die erns van misdaad rapportering insien. Anton stel voor dat 'n berig in die Greatbrak Post/ Mossview geplaas moet word.	<b>Terrie / Johann</b>  Len / Johann / Lede
12.	<b>BEWAREA (Geen terugvoering)</b>	<b>Frik / Lydia</b>
12.1	<b><u>Bewarea banksake.</u></b> Onveranderd.	Frik / Lydia
12.2	<b><u>Projekte:</u></b> 20 September 2014 Skoonmaak van Strand terugvoer. Die voorsitter noem dat die dag 'n reuse sukses was en die impak is groot as ons nie ons deel sou doen nie. Frik vertel van die skilpaaie in area en ons bewusmaking daarvan.	Lede
12.3	<b><u>Rivier Forum Kleinbrakrivier.</u></b> Geen terugvoering nie.	Des / Frik

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
12.4	<u>Witdoodhaai en Walvis Navorsing.</u> Datum moet bepaal word.	Frik / Lydia
13.	<b>PLAASLIKE SAKE</b>	
13.1	<b>De Lange Uitbreiding</b>  Geen.	<b>Chris</b>
13.2	<b>Fraaiuitsig</b>  Geen.	<b>Lavinia/ Charl</b>
13.3	<b>Klein-Brakrivier</b>	<b>Pieter / Charl</b>
13.3.1	<u>Blouvlag status.</u> Staan oor.	Pieter / Kruger
13.4	<b>Reebok</b>	
13.4.1	<b>Noord van die spoorlyn (Geen sake)</b>	<b>Johan Lotter</b>
13.4.2	<b>Suid van die spoorlyn (Geen sake)</b>	<b>Johann Muller</b>
13.5	<b>Reebokhoogte.</b>	<b>Kruger / Ray</b>
13.5.1	<u>Koraal Singel 43.</u> Kruger en Ray sal graag wil weet of planne goed-gekeur is.	Frans / Rozain
13.5.2	<u>Seester Straat no 38.</u> Haal af.	
13.5.3	<u>Sluit van elektriese kaste.</u> Haal af.	
13.6	<b>Reebokrif</b>  Alles in order.	<b>Frik Nel</b>  Frik
13.7	<b>Riverside</b>	<b>Des Muller</b>
13.7.1	<u>Oop Sloot in 2de Laan.</u> Verf van witstrepe nog nie gedoen nie.	Rozain
13.7.2	<u>Onkruid by Ontspannings terein.</u> Hy is bang vir die gevolge van erosie en onkruidodder wat in rivier kan beland. Haal af. Anton vra hoe gaan dit met toiletfasiliteite, asook bordjies op die huise. Toilette word gereeld skoongemaak.	Rozain
13.8	<b>Tergniet</b>  Alles in order.	<b>Len / Anton</b>
13.9	<b>Tergniethoogte (Geen terugvoer)</b>  Mike lig ons in oor situasie in gebied van aggressiewe eienaar en dames in gebied. Die saak is rapporteer by polisie. Anton noem die sweiswerk maak 'n geraas en die aggressiewe houding wek kommer.	<b>Mike / Jan</b>

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
	Saak moet gemonitor word.	
13.10	<b>Toekoms (Geen Terugvoer)</b>	<b>Jennifer</b>
13.11	<b>Eureka Park</b>	<b>Annatjie</b>
	Annatjie noem dat daar vermoed word dat die huiseienaar wat baie probleme gee, 'n deel van sy huis uitverhuur vir kort termyn.	Lede
14.	<b>KORRESPONDENSIE</b>	
	Geen	
15.	<b>ALGEMEEN</b>	
	Die voorsitter vra dat lede mekaar moet kontak as daar enige sake is wat aandag moet geniet of stuur graag epos vir Anton dat opgevolg word.	Lede
16.	<b>VOLGENDE VERGADERING</b>	
	Die volgende vergadering sal 5 November 2014 plaasvind. Verversings sal deur 2 lede gebring word.	Alle Lede
17.	<b>VERDAGING</b>	
	Die vergadering verdaag om 14h30.	
	<b>ANNATJIE JANSE VAN RENSBURG SEKRETARESSE</b>	
	GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 09/2014 GEHOU OP 05 NOVEMBER 2014 OM 13:00.	
	<b>ANTON DELLEMIJN VOORSITTER</b>	